



It starts with a story...

Family stories

Every family has stories to tell! Some of these stories might be ones that were told to you as a child. These could include: stories about imaginary or mythical characters that are passed down from generation to generation, stories about trickery or bravery, or stories that teach about the values of perseverance or forgiveness.

But there are other family stories too. These are the stories of the everyday experiences of members of your family now and in the past. It's the stories we tell when our children say to us, "Mom, tell me a story

about when you were little." Or it's the stories we tell at supper time about what happened to us as we were trying to reach a cereal box on the top shelf at the supermarket this morning. As we share these stories about our everyday lives, we build connections with our children – we allow them to know more about us.

But in addition to this, listening to our stories helps children learn how stories work. For example, they learn that stories have a beginning, a middle and an end, and they learn that the events in a story help it build up to a climax, which is the most exciting part of the story. Knowing how stories work, helps children when they are reading stories in books and writing their own stories!

As we talk about what happened to us today or long ago, we often include how we felt at the time, for example, "It was really, really dark and we were so

scared, but we kept walking towards the bathroom because we wanted to find out what the noise was." When we talk about how we felt in a situation, we give our children the language to talk about their own feelings. Being able to express how you feel, is something that helps children to feel confident about themselves.

Stories about real or imaginary people outside of our families, help children to connect with the wider world. The stories of our families are as unique as the people in our family! They are part of each family's history and they help children to know where they come from and who they are.

Visit www.nalibali.org and www.nalibali.mobi for more information and tips on storytelling!

Familiestories

Elke familie het stories om te vertel! Jy het dalk as kind na van hierdie stories geluister. Dit kan insluit: stories oor denkbeeldige of mitiese karakters wat van generasie na generasie oorgedra word, stories oor skelmstreke of dapperheid, of stories wat ons van die waardes van deursettingsvermoë of vergifnis leer.

Maar daar is ook ander familiestories. Dit is die stories van die alledaagse ervarings van lede van jou familie, nou en in die verlede. Dis die stories wat ons vertel wanneer ons kinders vir ons sê: "Mamma, vertel vir my 'n storie van toe jy klein was." Of dit is die stories wat ons tydens aandete vertel oor wat vanoggend met ons

gebeur het toe ons probeer het om 'n graankosboks op die boonste rak by te kom. Wanneer ons hierdie stories oor ons alledaagse lewens deel, bou ons bande met ons kinders – ons laat hulle toe om meer van ons te weet.

Maar, wanneer hulle na ons stories luister, help dit kinders ook om te leer hoe stories werk. Hulle leer byvoorbeeld dat stories 'n begin, middel en einde het, en dat die gebeure in 'n storie help om dit na 'n klimaks te laat opbou, wat die opwindendste deel van die storie is. Om te weet hoe stories werk, help kinders wanneer hulle stories in boeke lees en hulle eie stories skryf!

Terwyl ons praat oor wat vandag of lank gelede met ons gebeur het, deel ons dikwels hoe ons op daardie tydstip gevoel het, byvoorbeeld: "Dit was regtig baie, baie donker, en ons was so bang, maar ons het bly aanstap na die badkamer, want ons wou uitvind waar die geraas

vandaan kom." Wanneer ons praat oor hoe ons in 'n situasie gevoel het, gee ons ons kinders die taal om oor hulle eie gevoelens te praat. Om te kan uitdruk hoe jy voel, is iets wat kinders help om selfvertroue te ontwikkel.

Stories oor regte of denkbeeldige mense buite ons families help kinders om met die wyer wêreld kontak te maak. Die stories van ons families is so uniek soos die mense in ons familie! Hulle is deel van elke familie se geskiedenis en hulle help kinders om te weet waar hulle vandaan kom en wie hulle is.

Gaan na www.nalibali.org en www.nalibali.mobi vir meer inligting en wenke oor die vertel van stories!



Enter our Heritage Day Family Stories competition and win a book hamper! See page 7 for details.

Skryf in vir ons Erfenisdag-kompetisie vir Familiestories en wen 'n boekgeskenkpak! Kyk op bladsy 7 vir besonderhede.



Drive your imagination

Read to me. In my language.
Lees vir my. In my taal.





Nal'ibali news

During June, Nal'ibali ran an exciting campaign drive called #Just15Minutes. We asked parents and caregivers to show their commitment to developing their children's literacy during this Youth Month by pledging to read and tell stories with them for 15 minutes every day.

Nal'ibali-nuus

In Junie het Nal'ibali 'n opwindende veldtog geloods met die naam #Just15Minutes. Ons het ouers en versorgers gevra om hulle toewyding tot hul kinders se geletterdheid te toon deur hierdie Jeugmaand 'n belofte te maak om elke dag 15 minute lank vir hulle kinders stories te lees en te vertel.



Criselda Kananda



Pippa Hudson

We got hundreds of pledges from parents and caregivers all over the country and a number of celebrity parents made pledges of their own. They included jazz-singer Judith Sephuma, comedian Rob van Vuuren, 567 Cape Talk presenter Pippa Hudson, author Lauren Beukes, storyteller and writer Gcina Mhlophe, and Metro FM host and TV presenter Criselda Kananda.

Members of Nal'ibali's on-the-ground team carried out surprise 15-minute storytellings in public spaces to make parents and families aware of the power of reading with their children every day. For example:

- In the Free State, Sithembiso Nhlapo and his team read aloud to parents and children at the MUCPP clinic at Phelindaba, saying, "This is the start of many things!"
- Rinae Sikhwari shared a surprise 15-minutes reading at the Polokwane City Library's Father's Day celebrations, where she encouraged parents to make their pledges. Rinae said, "The parents felt really encouraged by the drive and said that they felt challenged by the whole campaign. They said it motivated them to make time to read and tell their children stories!"
- In Uitenhage, Malusi Puwe held a surprise 15-minutes reading for the children of Langa informal settlement. "We asked parents to pledge and to turn this month-long journey into a daily habit!" he said.
- In Johannesburg, Bongani Godide shared the importance of sharing stories with parents at the Evaton North and Micheal Maponya clinics.

Ons het honderde beloftes van ouers en versorgers van oral oor die land ontvang en 'n paar glanspersoonlikhede wat ook ouers is, het hulle eie beloftes gemaak. Hulle is onder meer die jazz-sangeres Judith Sephuma, komediant Rob van Vuuren, aanbieder op 567 Cape Talk – Pippa Hudson, skrywer Lauren Beukes, storieverteller en skrywer Gcina Mhlophe, en Metro FM-omroeper en TV-aanbieder Criselda Kananda.

Lede van Nal'ibali se span het verrassings gereël waar stories vir 15 minute lank in openbare plekke vertel is om ouers en families bewus te maak van die kragtige uitwerking as hulle elke dag saam met hulle kinders lees. Byvoorbeeld:

- In die Vrystaat het Sithembiso Nhlapo en sy span hardop vir ouers en kinders by die MUCPP-kliniek by Phelindaba gelees en gesê: "Dit is die begin van baie dinge!"
- Rinae Sikhwari het tydens die Vadersdagvieringe by Polokwane se Stadsbiblioteek 'n verrassing gereël deur 15 minute lank harop te lees. Sy het toe die ouers aangemoedig om ook hulle beloftes te maak. Rinae sê: "Die ouers het regtig bemoedig gevoel deur hierdie veldtog en het gesê dit voel of die hele veldtog hulle uitdaag. Hulle het gesê dit motiveer hulle om tyd te maak om vir hulle kinders te lees en stories te vertel!"
- In Uitenhage het Malusi Puwe 'n verrassing gereël deur 15 minute lank vir die kinders van die Langa informele nedersetting te lees. "Ons het ouers gevra om beloftes te maak en om hierdie maandlange reis in 'n daaglikse gewoonte te verander!" het hy gesê.
- In Johannesburg het Bongani Godide met ouers by die Evaton North- en Micheal Maponya-klinieke gedeel hoe belangrik dit is om stories met jou kinders te deel.

Create your own cut-out-and-keep book

1. Take out pages 3 to 6 of this supplement.
2. Fold it in half along the black dotted line.
3. Fold it in half again.
4. Cut along the red dotted lines.

Maak jou eie knip-uit-en-bêreboekie

1. Haal bladsye 3 tot 6 van hierdie bylae uit.
2. Vou dit op die swart stippellyn.
3. Vou dit weer in die helfte.
4. Sny dit uit op die rooi stippellyne.



“n Groot man het hulle gevat,” sê sy. “Hy het hulle in sakke toegebind en by die agterdeur uitgegaan. Hy het hulle in sy afleweringswa gelaai. Hy’t gesê hy kan baie geld kry as hy die katte verkoop.”


Daar is geen antwoord nie. Theo begin die vertrekke deursoek. In die kombuis, in ’n hoekie opgekrul, kry hy ’n bang babakattjie.

Theo gaan by die voordeur uit en kyk op en af in die straat. Daar is niks nie. “Dit was seker maar die wind,” sê hy en gaan weer binnetoe. Binne is daar ook niks nie. Nie ’n enkele kat nie, nie eens ’n teken van ’n stert of snorbaard nie. “Waar is almal?” vra Theo.

“A big man took all the cats,” she said. “He tied them in sacks and went out the back door. He put them in his van. He said he could sell cats for lots of money.”

There was no answer. Theo started to search the rooms. In the kitchen, crouching in the corner, he found a very scared kitten.

Theo went out the front door and looked up and down the street. “It there was nothing there.” “It must have been the wind,” he said and went back inside. There was nothing there either. Not a single cat, not even a sign of a whisker or tail. “Where is everyone?” asked Theo.



“Now what could that be?” asked Theo. No one answered. The cats dived for cover. “Don’t worry,” he said, “I’ll go and see.” “Wat was dit?” vra Theo. Niemand antwoord nie. Al die katte soek skuiling. “Moenie bekommerd wees nie,” sê Theo. “Ek sal gaan kyk.”

“... en tot vandag toe,” sê Theo met ’n diep stem, “loop hierdie diersie steeds in die strate rond.” Hy maak sê dis maar net ’n storie, maar die volgende oomblik ...

“... and to this very day,” said Theo in a deep voice at the end of the story, “the creature still walks the streets.” He closed the book. The cats were still shuddering. Theo was about to remind them that it was just a story, when, **KERDOOF!** There was a noise outside.



Fold



Hop on board for a reading adventure ...



Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark children's potential through storytelling and reading. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog wat kinders se potensiaal help ontwikkel deur middel van lees en die vertel van stories. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org, of www.nalibali.mobi



Wendy Hartmann
Joan Rankin

Fold

Terug by Huis Kietzieskatzie trek hulle die gordyne toe, steek kerse aan en rooster sardienfjies terwyl Theo begin lees. Die aaklige storie se naam is "Die Mal Monster". Party katte gryp hul komberse vas en ander gryp mekaar vas. Hulle bibber en bewe terwyl Theo lees.



"Bly net hier," sê Theo en hardloop buitentoe. Die afleweringswa ry al deur die hek. Theo hardloop so vinnig as hy kan. Hy duik deur die lug en land op die dak. Skielik sien hy die vreeslikste ding wat hy nog ooit gesien het. Dit staan reg in die middel van die pad. Dit is groot en swart met flenterklere en lang arms. Die afleweringswa swaai uit, maar stamp teen die monster. Toe jaag dit in die heining vas. Die agterste deure swaai oop en 'n klomp sakke val uit.

"Stay here," said Theo and ran outside. He saw the van already driving out through the gate. Theo ran as fast as he could. He took a flying leap and landed on the van's roof. Suddenly, in the middle of the road he saw the most frightening thing he had ever seen in his life. It was big and black with tattered clothes and long arms. The van swerved, but it still bumped the monster. Then it crashed into the fence. The back doors flew open and out fell lots of sacks.

All the cats in town lived together in an enormous house called Cat Cottage, but not Theo.

Theo lived with his mother and his brother and sister right next to the library. He loved to read, and where he lived there were hundreds of books.

I die katte in die dorp woon saam in 'n enorme huis wat Huis Kietzieskatzie genoem word – almal behalwe Theo.

Theo bly saam met sy ma, sy broer en sy suster, reg langs die biblioteek. Hy is mal oor lees, en waar hy bly, is honderde boeke



But not Theo. He stayed at the library. "Now, I wonder which story the burglar landed in," he said looking at a pile of books. And he sat down and started to read.

Maar nie Theo nie. Hy bly in die biblioteek agter. Hy kyk na die stapel boeke. "Ek wonder in watter boek het die dief beland," sê hy. Toe gaan sit hy en begin lees.



“Food!” screamed the monster.

“Sheila?” shouted Theo when he realised that the monster was, in fact, Mr Khumalo’s pig who lived in the field near Cat Cottage.

“Let us out!” shrieked the cats in the sacks.

The burglar was terrified. He turned and ran down the road as fast as he could. Theo let the cats out of the sacks and Sheila tried to get out of the scarecrow clothes.

“Kosi!” skree die monster.

“Fransiena?” roep Theo, toe hy besef die monster is eintlik mnr. Khumalo se vark wat in die veld naby Huis Kietziekatzie woon.

“Laat ons uit!” skree die katte in die sake.

Die dief is skoon verskrik. Hy draai om en hardloop in die pad af, so vinnig as hy kan. Theo laat die katte uit die sake en Fransiena probeer om uit haar voëlverskrikker-klere te kom.



Back at Cat Cottage, the cats closed the curtains, lit candles and toasted sardines as Theo started to read. It was an awful story called “The Mad Monster”. Some of the cats grabbed their blankets, others grabbed each other. They shivered and shook as Theo read.



“Well, he’s gone,” said Sheila. “I’m going home.”

“Wel, nou’s hy weg,” sê Fransiena, “en ek gaan nou huis toe.”

“Our sardines!” said the cats. “We’re going home too. We’re starving.” One by one the cats turned, tails straight, noses in the air and went back to Cat Cottage to toast the rest of their sardines.

“Ons sardientjies!” sê die katte. “Ons gaan ook nou huis toe. Ons is rasend honger.” Een vir een draai die katte om, sterte regop en neuse in die lug, en stap terug na Huis Kietziekatzie om die res van hulle sardientjies te gaan rooster.



Theo went straight to the library and quickly started to search the shelves. He found a book called *Careers for Cats* and borrowed another one titled, *One Hundred and One Scary Stories*. The cats at Cat Cottage had begged him to read something really, REALLY scary and at last he had found it.

Theo gaan reguit biblioteek toe en begin deur die rake snuffel. Hy kry 'n boek met die titel *Beroepe vir katte* en nog 'n boek met die titel *Honderd en een grillige stories*. Die katte by Huis Kietzieskatzie smeek hom al lankal om vir hulle 'n baie, BAIE grillige storie te lees, en nou het hy dit uiteindelik gevind.

One day Theo's mother asked him a question, "Theo, what do you want to be when you grow up?"

Theo was surprised. "I don't know," he said. "I will have to look in some books."



Eendag vra sy ma hom 'n vraag: "Theo, wat wil jy word wanneer jy groot is?"

Theo is verbaas. "Ek weet nie," sê hy. "Ek sal in 'n paar boeke moet kyk."



"The burglar's getting away," shouted Theo. Suddenly Theo had a brilliant idea. "After him," he said. "Chase the burglar into the library." Down the road they went. Into the library went the burglar. In ran the cats and in ran Sheila. Granny Smit was in the library. She bumped a whole bookshelf of books that toppled right on top of the burglar.

"Die dief gaan wegkom!" gil die katte. Toe kry Theo 'n briljante idee. "Sit hom agterna!" sê hy. "Jaag hom by die biblioteek in." Hulle hardloop in die pad af. Die dief hardloop by die biblioteek in. Fransiena en die katte gaan ook in. Ouma Appelliefie is in die biblioteek. Sy stamp 'n hele boekrak vol boeke om, dit kanel om en beland bo-op die dief.

"AAAAHHH!" screamed the burglar. (So many books landed on him that he was squashed right into someone else's story!)



"AAAAHHHIEE!" sê die dief. (Daar beland soveel boeke bo-op hom dat hy tot reg binne-in iemand anders se storie ingedruk word!)

The Na'ibali bookshelf

Have you ever read any books by Roald Dahl? He is a world-famous author of children's books. He was born in Wales on 13 September 1916 and died on 23 November 1990. Although he wrote in English, his books have been translated into 34 languages and are read by children all over the world.


7 interesting facts about Roald Dahl

1. He kept a secret diary from when he was eight years old.
2. He wrote short stories for adults first before writing for children. He did not start writing for children until he had children of his own.
3. His first children's book, *James and the Giant Peach*, was only published when he was 45 years old!
4. His favourite colour was yellow and he loved the smell of bacon frying.
5. His favourite sweet treat was chocolate, but he didn't like chocolate cake or chocolate ice cream!
6. He wrote every story in pencil because he couldn't type – and he wrote on yellow paper!
7. He always kept an ideas book close by. In this he wrote down all his best ideas when he thought of them because he said that good ideas were like dreams – soon forgotten!

Some books by Roald Dahl

The BFG / Die GSR
Charlie and the Chocolate Factory / Charlie en die Sjokoladefabriek
Charlie and the Great Glass Elevator / Charlie en die glashyser
The Enormous Crocodile
The Twits
Matilda / Matilda
George's Marvellous Medicine / Marius se merkwaardige medisyne

At the moment, the only South African languages that Roald Dahl's books are available in are English and Afrikaans. Most libraries and bookshops have his books available.



Die Na'ibali-boekrak

Het jy al ooit enige van Roald Dahl se boeke gelees? Hy is 'n wêreldbekende skrywer van kinderboeke. Hy is op 13 September 1916 in Wallis gebore, en is op 23 November 1990 oorlede. Al het hy in Engels geskryf, is sy boeke in 34 tale vertaal en hulle word deur kinders oral in die wêreld gelees.

7 interessante feite oor Roald Dahl

1. Hy het 'n geheime dagboek gehou vandat hy agt jaar oud was.
2. Hy het kortverhale vir volwassenes geskryf voordat hy kinderboeke begin skryf het. Hy het eers kinderboeke begin skryf toe hy sy eie kinders gehad het.
3. Sy eerste kinderboek, *James and the Giant Peach*, is gepubliseer toe hy 45 jaar oud was!
4. Sy gunstelingkleur was geel en hy was dol oor die geur van spek wat braai.
5. Sy gunsteling-soethappie was sjokolade, maar hy het nie van sjokoladekoek of sjokolade-roomys gehou nie!
6. Hy het elke storie in potlood geskryf, want hy kon nie tik nie – en hy het op geel papier geskryf!
7. Hy het altyd 'n boekie vir idees byderhand gehou. Daarin het hy al sy beste idees neergeskryf wanneer hy daaraan gedink het, want hy het gesê goeie idees is soos drome – ons vergeet hulle gou!


Boeke deur Roald Dahl

Op die oomblik is die enigste Suid-Afrikaanse tale waarin Roald Dahl se boeke beskikbaar is Engels en Afrikaans. Sy boeke is in die meeste biblioteke en boekwinkels verkrygbaar.

Go to "Book Box" on www.nalibali.org for a full list of Roald Dahl's books for you to enjoy.

Gaan na "Book Box" by www.nalibali.org vir 'n volledige lys van Roald Dahl se boeke wat jy kan geniet.

Your family's story could win you a book hamper worth R1 000 AND could appear in the Na'ibali supplement for all our readers to enjoy.



Jou familiestorie kan 'n boekgeskenkpak ter waarde van R1 000 wen EN kan in die Na'ibali-bylae verskyn sodat al ons lesers dit kan geniet.



WIN!

This Heritage Month, Na'ibali is calling on South Africans to revive and celebrate our rich culture of storytelling. Stories help nurture a sense of self-worth, connection and belonging among children and their parents or caregivers. And the best thing is, sharing stories is as natural to human beings as eating and sleeping! Some of the stories we tell today have been passed down from generation to generation, while others are new ones that we create ourselves.

Does your family have a funny story about relatives that everyone likes to hear at the dinner table again and again, or one that you've made up together? Is there a story you remember that a grandparent used to tell you as a child? Whatever your family story is, write it down or use your cellphone to record it for our Heritage Day Family Stories competition. Submit your written or recorded story to info@nalibali.org, or PRAESA, Suite 17–201, Building 17, Waverley Business Park, Wyecroft Road, Mowbray, 7700, Cape Town. Your family's story could win you a book hamper worth R1 000 AND could appear in the Na'ibali supplement for all our readers to enjoy. Closing date: 24 October 2014. We regret we cannot return your written stories or recordings, so please keep a copy!

WEN!

Hierdie Erfenismaand doen Na'ibali 'n beroep op Suid-Afrikaners om ons ryk kultuur van storievertelling te laat herleef en te vier. Stories help om 'n gevoel van selfwaarde, bande en geborgenheid tussen kinders en hulle ouers of versorgers te kweek. En die beste van alles is dat dit vir mense so natuurlik soos slaap en eet is om stories met mekaar te deel! Van die stories wat ons vandag vertel, is van geslag tot geslag oorgedra, terwyl ander, nuwe stories is wat ons self skep.

Het jou familie 'n snaakse storie oor familielede waarna almal graag weer en weer om die eetkamertafel luister, of een wat julle saam opgemaak het? Is daar 'n storie wat jy onthou wat 'n oma of oupa vir jou as kind vertel het? Wat jou familie se storie ook al is, skryf dit neer of gebruik jou selfoon om dit op te neem vir ons Erfenisdag-kompetisie vir Familiestories. Stuur jou geskrewe storie of opname van jou storie aan info@nalibali.org, of PRAESA, Suite 17–201, Gebou 17, Waverley-besigheidspark, Wyecroftweg, Mowbray, 7700, Kaapstad. Jou familiestorie kan 'n boekgeskenkpak ter waarde van R1 000 wen EN kan in die Na'ibali-bylae verskyn sodat al ons lesers dit kan geniet. Sluitingsdatum: 24 Oktober 2014. Ons is jammer maar ons kan nie julle geskrewe stories of opnames terugstuur nie, so hou asseblief 'n kopie!

Story corner

Here is the first part of a story about a boy and his friends who worked together to make a go-kart. Enjoy reading it aloud or retelling it.

Lwazi and the go-kart (Part 1)

By Helen Brain

One day Lwazi found an old push chair in the empty field near his home. It was broken, but it had four good wheels. He took them off and looked at them. "I wonder what I should make," he thought. "I know, I'll make a go-kart."

So off he went to the carpenter. "Please, Sir, do you have some old wood for me?"

The carpenter went to his wood pile and found Lwazi three old planks. "Here you are," he said. "Be careful now. Don't get a splinter."

Now Lwazi had four wheels and three planks, but he needed some rope.

So off he went to the harbour. There was Mr Smit, the fisherman, offloading snoek from his boat. "Mr Smit, do you have some old rope for me, please?"

"Here you are," said the fisherman. "Two metres. Be careful when you cut it. Don't cut your finger by mistake."

Now Lwazi had four wheels, three planks of wood and two metres of rope, but he needed some bolts.

So off he went to the mechanic at Granville's Garage. "Please, Sir, may I have some nuts and bolts?"

"Here you are," said the mechanic. "Be careful now. Don't hurt yourself when you drill the holes."

Now Lwazi had four wheels, three planks of wood, two metres of rope, and a handful of nuts and bolts. Off he went to his uncle's house. Uncle Rodney had a nice big yard, and Lwazi set to work.

All morning Lwazi sawed and hammered, and hammered and drilled, and drilled and sawed. When afternoon came he was very tired, but his go-kart wasn't finished. He still needed to sand it smooth so he didn't get a splinter.

Get your supplement next week and find out what Lwazi and his friends learn when they have their first ride in the go-kart!

Storiehoekie

Hier volg die eerste deel van 'n storie oor 'n seun en sy maats wat saamgewerk het om 'n knortjor te bou. Geniet dit om dit hardop te lees of oor te vertel.

Lwazi en die knortjor (Deel 1)

Deur Helen Brain

Op 'n dag vind Lwazi 'n ou stootkarretjie in die leë veld naby sy huis. Dit is stukkend, maar het nog vier goeie wiele. Hy haal die wiele af en kyk daarna. "Ek wonder wat ek kan bou," dink hy. "Ek weet, ek sal 'n knortjor bou."

Hy stap na die timmerman toe. "Asseblief, Meneer, het jy afvalhout wat ek kan kry?"

Die timmerman stap na sy houthoop toe en haal vir Lwazi drie ou planke uit. "Vat hierdie vir jou," sê hy. "Maar wees versigtig. Oppas vir splinters."

Nou het Lwazi vier wiele en drie planke, maar hy het ook tou nodig.

Hy stap hawe toe. Daar is mnr. Smit, die visserman, besig om snoek van sy skuif af te laai. "Mnr. Smit, het jy asseblief vir my 'n ou stuk tou?"

"Kry vir jou," sê die visserman. "Twee meter. Wees versigtig wanneer jy dit sny. Moenie per ongeluk jou vinger raak sny nie."

Nou het Lwazi vier wiele, drie planke en twee meter tou, maar hy het ook boute nodig.

Hy stap toe na die werktuigkundige by Granville's Garage. "Asseblief, Meneer, kan ek 'n paar boute en moere kry?"

"Vat vir jou," sê die werktuigkundige. "Maar wees versigtig. Moenie jousef seermaak wanneer jy die gate boor nie."

Nou het Lwazi vier wiele, drie planke, twee meter tou en 'n handvol boute en moere. Hy kies koers na sy oom se huis.

Oom Rodney het 'n lekker groot erf en Lwazi spring aan die werk.

Lwazi saag en kap en kap en boor en boor en saag die hele oggend. Toe dit middag word, is hy baie moeg, maar sy knortjor is nog nie klaar nie. Hy moet dit nog glad skuur sodat daar nie splinters is wat hom kan seermaak nie.

Kry volgende week jou bylae en vind uit wat Lwazi en sy maats leer wanneer hulle die eerste keer met die knortjor gaan ry!



Illustration by Magriet Brink
Illustrasie deur Magriet Brink

In your next Nal'ibali supplement:

- Gcina Mhlophe writes about stories, past and present
- A special Heritage Day cut-out-and-keep book by famous South African artist, Gerard Sekoto: *Shorty & Billy Boy*
- Collect the Nal'ibali characters: Dintle
- The final part of the Story Corner story, *Lwazi and the go-kart*

Did you know that Nal'ibali supplements come in a range of South African languages? Visit the "Supplements" section at www.nalibali.org to download the supplement in English-isiXhosa, English-isiZulu, English-Sesotho and English-Afrikaans.



In jou volgende Nal'ibali-bylae:

- Gcina Mhlophe skryf oor stories van toeka en nou
- 'n Spesiale knip-uit-en-bêreboekie vir Erfenisdag deur beroemde Suid-Afrikaanse kunstenaar, Gerard Sekoto: *Fielies en Pote*
- Versamel die Nal'ibali-karakters: Dintle
- Die laaste deel van die Storiehoekie-storie, *Lwazi en die knortjor*

Het jy geweet Nal'ibali-bylaes verskyn in 'n verskeidenheid Suid-Afrikaanse tale? Gaan na die "Supplements"-afdeling by www.nalibali.org om die bylae in Engels-isiXhosa, Engels-isiZulu, Engels-Sesotho en Engels-Afrikaans af te laai.